


# PRETORIA

*Andries Pretorius se erfenis*




Pretoria roep verskeie beelde op. Die passiewolle Bloubul-ondersteuners, die Uniegebou of die Voortrekkermonument, maar vir die meeste mense is dit die mooi stad met die pers Jakkarandastrate.



# PRETORIA

*Andries Pretorius se erfenis*



## WIE WAS ANDRIES PRETORIUS?

- 1798** Gebore op Graaff-Reinet op 27 November 1798 'n vyfde geslag Pretorius wat in 1666 uit Nederland na die Kaap gekom het.
- 1818** Trou op 8 November 1818 met Christina de Wit. Voer tydens die Sesde Grensoorlog (1834-'35) 'n kommando teen die Xhosa aan.
- 1837** Vertrek op 11 Oktober 1837 na die binneland waar sy trekgeselskap Gerrit Maritz besoek en aan 'n strafkommando teen Mzilikazi deelneem.
- 1838** Verlaat die Kaapkolonie finaal; arriveer 22 November by die leierlose Trekkers in Natal. As kommandant-generaal lei hy die Voortrekkers in die Slag van Bloedrivier.
- 1840** Hy help om die Boererepubliek, Natalia te stig.
- 1842** In 1842 beset Brittanje Natal. Op

24 Mei beleër Pretorius se boeremag die Britse kamp. (Dick King Smith ontsnap). Op 15 Julie 1842 onderwerp die Boere hulle aan Britse gesag.

**1848** Trek na die Magaliesberg. Hy lei die Boere in 'n 'vryheidsoorlog', maar word op 29 Augustus 1848 by Boomplaats deur Harry Smith verslaan.

**1852** Verteenwoordig die Boere op 17 Januarie 1852 tydens die ondertekening van die Sandrivier-konvensie waarvolgens Brittanje die onafhanklikheid van die Transvaal erken. Deur sy inisiatief is die soewereiniteit van Transvaal hierdeur erken en een van die einddoelstellings van die Groot Trek verwesenlik.

**1853** Pretorius (55) sterf op 23 Julie 1853 aan borswater.

Pretoria is op 'n hoogte van 1 350 m (4 500 voet) bo seevlak geleë, in 'n warm, beskutte, vrugbare vallei omring deur die heuwels van die Magaliesbergreeks. Dit is in 1855 deur Marthinus Pretorius gestig, wat dit na sy bekende vader, Andries Pretorius vernoem het – die Voortrekkerheld wat Dingaan se impi's by die Slag van Bloedrivier verslaan het. Dit was ook Andries Pretorius wat gesorg het vir die skikking van die 1852 Sandrivier-konvensie, waar Groot Brittanje die onafhanklikheid van die Transvaal en Oranje-Vrystaat erken het.

### Die hoofstad

Op 1 Mei 1860 het Pretoria die hoofstad van die 'Zuid-Afrikaanse Republiek' geword. Dit is as die hoogtepunt van die Groot Trek beskou. Die Boere se stryd om onafhanklik-



Die Staatsteater



Universiteit van Pretoria

heid van Britse beheer was egter ver van afgehandel.

Die Eerste Anglo-Boereoorlog het op 12 April 1877 uitgebreek met Brittanje

Maart 1881 geduur. Die verdrag, wat die oorlog beëindig het en die onafhanklikheid van Transvaal hervestig het, is op 3 Augustus 1881 by die Pretoria-konvensie

**Andries Pretorius verwesenlik die Voortrekkergees en die moed van die Groot Trek. Hy word onthou vir sy bekwame en godvresende leierskap. Sy naam leef voort in Pretoria.**


wat die 'Zuid-Afrikaanse Republiek' geannekseer het. Ook Pretoria is deur die Britte in besit geneem. Dit is ontruim en alle inwoners is in militêre kampe gehuisves. Die Boere het Pretoria met sowat 800 – 1000 man beleër met altesaam agt Boerelaers wat die stad omring het.

Die beleg het van Desember 1880 tot

onderteken. Ná hierdie eerste groot kragmeting tussen Boer en Brit, het Brittanje besef dat die klein Republiek nie goedsmoeds oorwin sou word nie.

### Besetting

Gedurende die Tweede Anglo Boereoorlog (1899-1902) is die stad, op 5 Junie 1900, »



Andries Pretorius was godvresendheid en 'n begaafde staatsman wat met diplomatie en leierskap bygedra het tot die tot standkoming van Suid-Afrika.



# PRETORIA

*Andries Pretorius se erfenis*



Daar is 'n beraamde 70 000  
Jakarandabome in Pretoria

onder bevel van generaal Frederick Roberts deur Britse magte ingeneem. Hierdie konflik is op 31 Mei 1902 amptelik met die Vrede van Vereeniging beëindig.

## Unie

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, is Pretoria as een van die drie hoofstede gevestig: Bloem-

geregtelikegesag (die ouderlinge en regters in elke gemeenskap). "Die Here is ons Regter, die here is ons Leidsman, die Here is ons Koning." Jes 33:22.

## Akademie stad

Pretoria is een van Suid-Afrika se voorste akademiese stede. Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) het bykans 60 000

ria. Moreleta Park-gemeente is met meer as 14 000 belydende en meer as 5 000 dooplidmate verreweg die grootste gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ter wêreld. Ds. Dirkie van der Spuy is al meer as 25 jaar betrokke by hierdie kerk met die visie: 'Jesus alles in elkeen'.

'Hatfield Christian Church' (met bywoningsgetalle van meer as 5 000) word gelei deur pastoor Francois van Niekerk. By 3Ci word op aanbidding, fellowship en sending gefokus. Lewende Woord begelei verskeie gemeentes met behulp van hoofpastoor Nevil Norden.

Doxa Deo begelei verskeie gemeentes in Pretoria en het die doel voor oë om 12 stede na plekke waar God heers, te verander. Hulle bereik dit deur op elke gebied betrokke te raak, insluitende die sakewêreld, media en regering.

## Naamverandering

Op 26 Mei 2005 het Die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name (RSAGN), die naamsverandering van Pretoria na Tshwane goedgekeur.

Daar was egter so 'n heftige teenkanting teen die naamsverandering, met talle interdikte en hofaksies, dat die naamkwessie vir eers blyk met rus gelaat te word en dat die Jakarandastad as Pretoria mag voortbestaan. ■

**Pretoria, wat sy ontstaan danksy die Groot Trek gehad het, is 'n historiese stad met 'n ryke verteenwoordiging van Afrikanergeskiedenis en -identiteit.**

fontein was die geregtelike hoofstad, Kaapstad die wetgewende hoofstad en Pretoria die uitvoerende hoofstad.

## Skeiding van mag

Hierdie skeiding van mag en funksie in die drie takke van burgerlike regering, is op die Bybelse patroon, wat deur God in die nasie van Israel ingestel is, gebaseer: Die uitvoerende gesag (die koning), wetgewende gesag (die raadsvergadering en die Sanhedrin), en

studente. Die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), gestig in 1873, het verlede jaar 300 000 studente geregistreer, sommige uit 130 ander lande, en word beskou as 'n mega-universiteit.

Die Universiteit van Pretoria (UP of Tukkies) is in 1908 gestig en bied ook die enigste veeartsenykundeskoel in Suid-Afrika. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) is die grootste navorsingsorganisasie in Afrika en verskaf werk aan bykans 3 000 tegniese en wetenskaplike navorsers.


## Godsdiens

Daar is 'n aantal welbekende kerke in Preto-




# Werk vir Hervorming en Herlewing


Wees toegerus met Geskiedens Hulpbronne deur  
Dr Peter Hammond



Victorious Christians  
380 bladsye, 250 fotos  
R135



Soldiers for Christ MP3  
14 boodskappe op een CD  
R98



Heroes of the Faith MP3  
36 Lesings op een CD  
R98

**SPEZIALE KOMBINASIE**  
**PRYS**  
**R295**



**Christian Liberty Books**

Resources for Reformation and Revival

Posbus 358 Howard Place 7450 Kaapstad Suid Afrika

Tel/Faks: (021) 689 7478

admin@christianlibertybooks.co.za

www.christianlibertybooks.co.za